



UNIVERSITEIT
VAN
JOHANNESBURG

AFRIKAANS

Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek

N.P. VAN WYK LOUW-GEDENKLESING, 2019

**N.P. van Wyk Louw as veranderingsagent:
'n Kritiese kompleksiteitslens op sy vroeë prosa¹**

Karin Cattell-Holden

Universiteit Stellenbosch

49 ste N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, Universiteit van Johannesburg, 5 September 2019

N.P. van Wyk Louw het verreikende vernuwing in die Afrikaanse letterkunde en literêre kritiek teweeggebring, as digter, essayis en kritikus. Sy onderskeid tussen 'n "koloniale" en "nasionale" letterkunde in *Berigte te velde* en *Lojale verset* (1939) het die grondslag vir die Beweging van Dertig gelê en sodoende getoon dat 'n verskuiwing vanaf 'n gevestigde ("ideologiese") literêre stelsel na 'n nuwe, allesomvattende ("utopiese") stelsel moontlik én lewensvatbaar is. In hierdie lesing word 'n alternatiewe perspektief vir die heersende binêre benadering tot die "nasionale" letterkunde (in teenstelling tot die "koloniale" letterkunde) in dié twee bundels voorgestel. Met behulp van die kritiese kompleksiteitsteorie van Cilliers (1998, 2001, 2005, 2010) en die verwante gesigspunte van onder meer Mason (2008), Haggis (2008) en Woermann (2016), word die "nasionale" letterkunde as 'n komplekse stelsel, bestaande uit 'n netwerk verwantskappe binne die stelsel asook tussen die stelsel en die omgewing waarin dit gesitueer is, ontleed. Die fokus rus op die ontluiking van die stelsel met spesifieke aandag aan Louw as hoofagent van die vernuwing. Die lesing sal toon dat Louw se vroeë prosa steeds ryk aan ontginningsmoontlikhede is en selfs byna 'n eeu later onverwagte winste aan nuwe begrip kan oplewer.

"Waar 'n mens ook trek, die hele web roer." (Louw, 1986a:394)

Gedurende die afgelope dekade het die publikasie van studies oor N.P. van Wyk Louw opmerklik afgeneem. Die 20^{ste}-eeuse tydvak waarin Louw se publikasies verskyn het en die omvangryke korpus studies oor sy werk kan die indruk skep dat sy denke nie meer ter sake is nie of dat verdere ontginning daarvan nie moontlik is nie. Voortdurend veranderende navorsingsteorieë en interdisiplinêre

¹ Hierdie dokument bevat die teks van die gelewerde lesing. Die bronnelys sal in die gepubliseerde weergawe beskikbaar wees. KdW.

benaderings in die literatuurwetenskap bied egter kontemporêre en oorspronklike invalshoeke op sy werk en skep nuwe interpretasieruimtes vir sy denkbeelde.

Kritiese kompleksiteitsteorie is 'n betreklik nuwe interdisiplinêre analitiese benadering wat die ruimte van die moontlike rondom die interpretasie van die werk van Louw kan vergroot. Gewortel in die filosofie,² daag hierdie teorie die metodologiese instrumente en verwagtinge van die tradisionele akademiese diskoers uit (Davis & Phelps, 2004:4): dit maak naamlik die leser van die beperkinge van aansprake op betekenis bewus en stel haar in staat om onsigbare moontlikhede, inherent in enige situasie, as skeppende potensiaal te erken (Trueit & Doll, 2010:135). Denzin (2017:15) beskryf die uitkoms van 'n interpretasieproses gebaseer op (kritiese) kompleksiteitsteorie as “realisties utopies” – aansprake op kennis en begrip is noodwendig voorlopig en beperk, aangesien kompleksiteit nie in al die kompleksiteit daarvan verstaan kan word nie (Preiser & Woermann, 2016:7-8). Kritiese kompleksiteit konfronteer dus bestaande interpretasiemodelle³ en -praktyke met die doel om verantwoordelik met die kompleksiteite van die wêreld om te gaan (Woermann, 2016:4). “[A]n engagement with complexity allows for new ways of thinking that challenge us to explore alternative possibilities of knowing and being, which may very well influence the manner in which we act and live in the world.” (Preiser & Woermann, 2016:12)

In hierdie lesing word kritiese kompleksiteitsteorie as 'n lens op Van Wyk Louw se eerste twee bundels kritiese opstelle, *Berigte te velde* en *Lojale verset* (1939), gebruik. Die fokus word geplaas op die verkenning van Louw se konsep van 'n “nasionale” letterkunde as 'n komplekse stelsel⁴ in plaas van die bestaande hoofsaaklik binêre interpretasies van hierdie konsep in vergelyking met die voorafgaande “koloniale” letterkunde. Daar sal getoon word dat hierdie stelsel uit 'n netwerk verhoudings bestaan wat sowel die funksionering van die komponente van die stelsel as die verhouding tussen die stelsel en die omgewing waarin dit gesitueer is, betref. Die lesing sal spesifiek aandag skenk aan die ontluiking van die “nasionale” letterkunde as 'n komplekse stelsel en die gepaardgaande toonaangewende rol van Louw as agent van vernuwing. Die veelvlakkige en interdisiplinêre denkbeelde wat die intellektuele en strukturele grondslag van die “nasionale” letterkunde vorm, sal bespreek word binne die konteks dat die noodwendig gedeeltelike kennis van 'n komplekse stelsel juis geleentheid vir samewerking met ander studieverdele skep (Preiser & Woermann, 2016:15). Die lesing sal toon dat hierdie beperkte kennis terselfdertyd “[d]ie eerlike, strenge *deurdink*” (Louw, 1986a:9) van komplekse sosiopolitieke en literêre stelsels, sowel aktueel as histories, moontlik maak.

Binne hierdie konteks stel ek dit dus graag voorop dat my uitsprake oor Louw se “nasionale” letterkunde as 'n komplekse stelsel asook die moontlike uitbreiding van die begrip van hierdie onderwerp keuses eerder as klinkklare kennis verteenwoordig. Die verantwoordelikheid vir enige verdraaiings berus gevolglik by my.

Die lesing sal die volgende struktuur aanneem: 'n beknopte oorsig oor (kritiese) kompleksiteit, met die fokus op kenmerke wat die bespreking van Louw se vroeë werk sal rig, gaan 'n bondige samevatting van Louw se rol as veranderingsagent in die literêre en literêr-kritiese konteks van die jare Dertig

² Waar *kritiese kompleksiteitsteorie* 'n filosofiese grondslag het, spruit *kompleksiteitsteorie* op sigself uit die fisiese wetenskappe. Hierdie onderskeid word in Afdeling 1 (I) bespreek.

³ In ooreenstemming met Cilliers (2001:2) word “model” in hierdie lesing in 'n breë sin gebruik. Die konsep sluit teorieë, stelle reëls, wetenskaplike stellings, wette en beskrywings van verskynsels in.

⁴ Vir die doeleindes van hierdie studie word “komplekse stelsel” gedefinieer as 'n netwerk van veelvoudige komponente wat in verhouding tot mekaar en die omgewing funksioneer. Voorbeelde is die immuunstelsel, mierkolonies, sosiale stelsels en taal. Die konsep word in Afdeling 1 (II) in besonderhede bespreek.

vooraf. Die teoretiese raamwerk vir die lesing sal uit beide afdelings duidelik word. Louw se konsepsualisering van 'n "nasionale" letterkunde word dan volgens die kritiese kompleksiteitsteorie as 'n ontluikende verskynsel geïnterpreteer met spesifieke verwysing na sy gepoogde versoening van die "nasionale" en "koloniale" letterkunde.

1. (Kritiese) kompleksiteit: "radical relationality"⁵

I

Kompleksiteitstudie het gedurende die laaste 50 jaar van die vorige eeu uit die wisselwerking tussen verskillende dissiplines in die natuurwetenskappe ontwikkel as 'n veld van interdisiplinêre navorsing. Die uiteenlopende oorspronge en teoretiese voorgangers van kompleksiteitstudie – onder meer algemene sisteemteorie, chaosteorie en kunsmatige intelligensie – het 'n eweneens diverse en deurlopend ontwikkelende korpus navorsing tot gevolg gehad wat 'n oorkoepelende teorie van die konsep "kompleksiteit" ontwikkel (Cilliers, 2001; Heylighen, Cilliers & Gershenson, 2006; Boulton, Allen & Bowman, 2015, en andere). Daar is dus geen "standaard-stand van kennis" (Preiser, 2012b) oor kompleksiteit en ook geen alomvattende definisie van die konsep nie (Cilliers, 1998; Davis & Phelps, 2004; Davis & Sumara, 2008; Preiser & Woermann, 2016, en andere). Dit sluit aan by die argument van Preiser & Woermann (2016:8) dat aansprake op kennis van komplekse stelsels noodwendig beperk is: "we cannot understand complexity in all its complexity."

Kompleksiteitsteorieë was aanvanklik daarop gerig om die vereenvoudigings en idealiserings wat uit die lineêre (oorsaak/gevolg) analyses van wetenskaplike dissiplines voortgespruit en tot onrealistiese modelle gelei het te oorkom (Chu, Strand & Fjelland, 2003:19). Volgens Heylighen e.a. (2006:1) is die tradisionele wetenskaplike metode, gebaseer op ontleding, isolasie en die insameling van sogenaamd volledige inligting oor 'n verskynsel, onvoldoende om die onderling afhanklike verhoudings waaruit komplekse stelsels bestaan te begryp. Kontemporêre kompleksiteitsteorieë word nie alleen in die fisiese wetenskappe opgeneem nie, maar ook in verskeie ander dissiplines soos sosiologie, ondernemingsbestuur en hoëronderwysstudies met die doel om reduksionisme in die studie van komplekse stelsels teen te werk en kritiese denke en aksies te bevorder wat voorheen "onderdrukte" moontlikhede om die wêreld te leer ken aan die lig kan bring (Preiser, 2012a:15-16).

Woermann, Human & Preiser (2018:2) voer aan dat die begrip van komplekse verskynsels op algemene filosofiese kwessies, en in die besonder, kritiek en norme, berus. 'n Kritiese inslag, in die sin van selfkritiese nadenke oor teoretiese en praktiese benaderings tot komplekse verskynsels, definieer, volgens Preiser & Woermann (2016:13), kompleksiteit as 'n kritiese onderneming. Die term "kritiese kompleksiteit" het uit die latere werk van Paul Cilliers (2012 e.v.) ontstaan (vergelyk Woermann et al., 2018:2). Cilliers (2001 e.v.) verwys na "a critical understanding of complexity", maar bou dit mettertyd uit tot 'n postmoderne teorie met die inspraak van dekonstruksie en die post-strukturalisme. Hierdie teorie stel kompleksiteit as 'n primêr refleksiewe en filosofiese (eerder as wetenskaplike) begrip bekend, maar fokus ook die aandag op die norme en kritiese gevolge wat kompleksiteit inhou (Woermann, 2016:3).

Die hoofaanneme waarop kritiese kompleksiteit berus, is dat komplekse verskynsels nie vereenvoudig kan word nie. Die enigste manier waarop kompleksiteit verstaan kan word (en dan slegs gedeeltelik en voorlopig), is egter, ironies genoeg, juis deur modellering, wat dan noodwendig 'n vereenvoudiging (en

⁵ Dillon, 2000:8.

dus 'n verdraaiing) van die betrokke stelsel impliseer. Volgens Woermann et al. (2018) is enige objektiewe en volledige kennis van komplekse stelsels dus onmoontlik. Die perke van die kennis van komplekse verskynsels en die verwante voorlopigheid van betekenis skep egter 'n opening vir kritiek op modelle en praktyke (Woermann, 2016:4). Hierdie kritiese aksies beskik oor die potensiaal om kennis van 'n komplekse stelsel uit te brei en dus verantwoordelik met kompleksiteit om te gaan.

Objektiewe beskrywings van komplekse verskynsels word ook deur die verstregeling van normatiewe kwessies met die verstaan van kompleksiteit onmoontlik gemaak. Aansprake op kennis hou altyd 'n element van keuse in wat op bepaalde norme gebaseer is en nie objektief geregverdig kan word nie (Preiser et al., 2013:270). Hierdie keuse-element inkorporeer die besluit op 'n model en die keuses betrokke by die interpretasie en evaluering van die komplekse stelsel volgens die model (Woermann, 2016:4). Dié keuses bevat onvermydelike etiese implikasies (Cilliers, 2005:264), waaronder die noodgedwonge uitsluiting van persone of kwessies deur die beperkings van die model. Die "ethical turn" is gesitueer "in the moment in which we take the leap from that which is known to that which is uncertain or unknown" (Preiser et al., 2013:270), met ander woorde, in die opening ná die perke van modelle en kennis wat onbekende moontlikhede van verdere kennis inhou (Preiser et al., 2013:271), die sogenaamde "space of emergence" (Osberg & Biesta, 2008:323). Die etiese element van kompleksiteit hou direk verband met individuele en institusionele identiteite en hoe ons onself in die wêreld oriënteer (Preiser & Woermann, 2016:10).

II

Morrison (2002:6) omskryf kompleksiteitsteorieë as "[theories] of survival, evolution, development and adaptation" (in Mason 2008:36). Hierdie teorieë neem reduksionistiese wetenskaplike analises verder deur nie alleen die individuele onderdele wat tot die geheel van 'n komplekse stelsel bydra te ondersoek nie, maar ook die struktuur van die stelsel. "The focus is not upon isolated actors and objects foregrounded against some contextual backdrop, but on the dynamic, nonlinear actions and connections flowing between all these parts" (Fenwick, 2009:107). Die struktuur van 'n komplekse stelsel word naamlik gevorm deur die *patrone van wisselwerking* tussen die onderdele van die stelsel en tussen die stelsel en sy omgewing. Die patrone is *nie-lineêr* en vorm 'n *netwerk*. Dillon (2000:8) noem hierdie interaksie "radical relationality" – in 'n komplekse stelsel "nothing is without being in relation".⁶ As gevolg van die konstante interaksie sowel binne die stelsel as tussen die stelsel en die konteks word komplekse stelsels as *oop* beskryf.

Die wisselwerking in 'n komplekse stelsel lei tot volgehoue *verandering* in die verhoudings tussen die elemente en *onvoorspelbaarheid* met betrekking tot die tevoorskynkoming van voorheen onvoorsiene betekenismoontlikhede. Nuwe verhoudingspatrone en die aanpassing óf uitwissing van bestaande patrone word nodig as gevolg van die sigbaarwording van nuwe elemente of verskynsels en die verwante realisering van voorheen onbekende betekenismoontlikhede (Mason, 2008:43). Komplekse stelsels word dus deur 'n *gebrek aan ewewig* gekenmerk: as "lewende" entiteite (Cilliers, 1998:3) moet daar naamlik 'n gedurige vloeï van energie, fisiese materiaal en inligting tussen die stelsel en sy omgewing wees om die organisasie van die stelsel in stand te hou en die oorlewing daarvan te verseker (Byrne & Callaghan, 2014:26). "Equilibrium is another word for death", sê Cilliers (1998:4). Binne hierdie "space[s] of emergence" (Osberg & Biesta, 2008:323) verander stelsels dikwels hul struktuur intern, dit wil sê, sonder die invloed van 'n eksterne agent. Dié proses staan as *selforganisasie* bekend.

⁶ Die kenmerke van komplekse stelsels in hierdie paragraaf en die daaropvolgende paragrawe word slegs kortliks omskryf. Dit word in meer besonderhede in die toepassing van kritiese kompleksiteit op Louw se werk bespreek.

Ten spyte van die oop struktuur van 'n komplekse stelsel is *begrensing* daarvan steeds nodig ten einde die identiteit van die stelsel duidelik te maak (Cilliers, 2001:4). Aangesien die verhoudings tussen die elemente van 'n stelsel belangriker as die individuele elemente is, daar ook verhoudings met die omgewing is, en sub-stelsels boonop deel van meer as een stelsel kan vorm, is dit egter moeilik om grense presies aan te dui. In aansluiting hierby het die grense gapings, is deurdringbaar en kan verskuif. Die grense bevat egter ook elemente wat die transformasie van die stelsel moontlik maak (Cilliers, 2010:59). Die grense van 'n komplekse verskynsel sluit dus nie net die stelsel af nie, maar stel dit saam en fasiliteer interaksie tussen die verskynsel en sy omgewing – “it enables the system to be” (Cilliers, 2010:58).

Binne die raam van die grense word die identiteit van sowel die stelsel as geheel as die elemente daarvan deur die verhoudings tussen die elemente gekonstrueer (Richardson, Cilliers & Lissack, 2001:7). Hierdie verhoudings word op die *verskille* tussen die elemente gegrond. “[D]ifference is a necessary condition for meaning” (Cilliers, 2010:56): iets kan slegs as daardie iets herken word as dit van iets anders onderskei kan word, en hoe meer verskille daar is, hoe meer onderskeide kan getref word. Betekenis is die gevolg van hierdie onderskeide, van “the play of differences” (Cilliers, 2010:56). Volgens Cilliers (2010:59) is die belang van verskil as die samesteller van betekenis dus 'n sentrale aspek van kompleksiteit. Dit verduidelik waarom 'n komplekse stelsel in sy kompleksiteit, sonder vereenvoudiging, ondersoek moet word: “to analyse the elements without engaging with their interactions within the network is senseless because the interactions are precisely what gives the elements meaning” (Cilliers, 2010:59).

Betekenis in komplekse stelsels ontwikkel deur verhoudings van verskil (en hul transformasie), maar nie deur teenstellings nie. “Verskil” is nie 'n funksie van 'n binêre opposisie nie, maar van 'n netwerk verhoudings wat op 'n sekere manier begrens is (Cilliers, 2010:59). Wicomb (2008:40) wys daarop dat die logika van binêre opposisies die veelvoudigheid van betekenis verminder, juis dít wat kompleksiteit na vore wil bring. Kritiese kompleksiteit staan 'n differensiële eerder as 'n opposisionele manier van denke voor wat die *óf/óf*-dilemma deur 'n “en/en”-denkwyse vervang (Preiser, 2012:17): “the art lies not in thinking of opposing concepts in binary motion, but in terms of how the one is dependent and determined by the other” (Preiser 2012:19-20).

III

Watter bydrae kan (kritiese) kompleksiteitsteorie tot insig in die werk van Van Wyk Louw lewer?

Die keuse van die model van kritiese kompleksiteit is op twee hoofoorwegings gegrond.⁷ Eerstens is dit opmerklik dat Louw se konsep van 'n “nasionale” letterkunde 'n oop stelsel is: daar is naamlik konstante interaksie tussen die elemente van die stelsel asook tussen die stelsel en die omgewing waarin dit gesitueer is. Louw werk met verskillende stelsels wat nie alleen met mekaar verband hou nie, maar inmekaar pas, die kleiner stelsels binne die groter stelsels.⁸ Aanvanklik pas die “koloniale” letterkunde in die groter stelsels van die Afrikaanse letterkunde en Suid-Afrikaanse konteks in, met min verbande met die wêreldletterkunde en algemene wêreldkwessies. Die “nasionale” letterkunde kom dan te voorskyn uit die “space of emergence” (Osberg & Biesta, 2008:323) anderkant die grense van die “koloniale” letterkunde, met ander woorde, die ruimte wat uit voorheen onvoorsiene

⁷ Hierdie oorwegings word in die volgende afdeling in besonderhede bespreek.

⁸ Woermann (2016:29) beskryf hierdie aspek van kompleksiteit as “nested systems”.

betekenismoontlikhede bestaan. Hierdie stelsel word gevorm deur verhoudings van interaksie met die “koloniale” letterkunde, die Suid-Afrikaanse konteks, die wêreldletterkunde, en die wêreldkonteks daaromheen. In hierdie veranderende ruimte begin die “koloniale” letterkunde dan skuif na ’n posisie binne die grense van die “nasionale” letterkunde, as ’n komponent daarvan, binne die Suid-Afrikaanse konteks, die groter wêreldletterkunde, en die omringende wêreldkonteks.⁹ Die grense tussen die “koloniale” en “nasionale” letterkunde is dus poreus en veranderlik; dit omraam die stelsels, maar konstrueer dit ook en maak interaksie tussen die stelsels en hul omgewing moontlik. Die vloei van inligting binne en tussen die kleiner en groter stelsels, deur hul grense heen, lei tot veranderende verhoudings tussen die elemente, die gepaardgaande onvoorspelbare verskyning van nuwe betekenismoontlikhede, en die verwante self-organisasie van die struktuur van die “nasionale” letterkunde. Al dié faktore dra by tot ’n gebrek aan ewewig in laasgenoemde stelsel.

Tweedens is Louw se eerste twee bundels opstelle deurgaans aan die hand van tradisionele reduksionistiese modelle, en veral dié van binêre opposisies, ontleed. Die isolering en dekonstruksie van individuele elemente, sonder inagnome van die veelvoudige verhoudingspatrone waarin hulle funksioneer en wat eintlik aan hulle betekenis verleen, vereenvoudig Louw se denkbeelde en verminder die betekenis daarvan. Hierdie interpretasiemodel kontrasteer met die verbande wat tussen verskillende dissiplines in *Berigte te velde* en *Lojale verset* getrek word; met Louw se gerigtheid op die verandering van die Afrikaanse letterkunde en die Suid-Afrikaanse maatskaplike werklikheid; die uiteensetting van die kompleksiteit van die verhoudings tussen ’n spesifieke letterkunde, die wêreldletterkunde en die wêreld; en die opstel van patrone van wisselwerking tussen ’n verskeidenheid dissiplines en kwessies in Louw se beskouings. Die strukturering van sy denkbeelde toon ook hoe betekenis uit die verhoudings tussen die elemente van die stelsels wat hy saamstel, ontwikkel. Die ontleding van die “nasionale” letterkunde met behulp van binêre opposisies beperk verder insig in die vernuwing wat Louw teweegbring het en die komplekse proses van ontluiking en verandering wat daarmee gepaardgegaan het.

Denzin (2017:8) verklaar “[t]here is a need to unsettle traditional concepts of what counts as research, as evidence, as legitimate inquiry.” Die keuse van kritiese kompleksiteit as model vir hierdie studie vergroot die ruimte van die moontlike wat die bestaande kennis van Louw se werk betref. Dit verskuif die grense van die huidige insig in Louw se denkbeelde – ook in my eie werk – deur die komplekse struktuur van sy denke te erken en die veelvuldige betekenismoontlikhede van sy interdissiplinêre beskouings na vore te bring. Dit toon ook die invloed van die konstante verandering van ’n komplekse stelsel op sowel die elemente en onderlinge stelsels as die groter stelsels waarmee dit verbind is. Louw se konsep van ’n “nasionale” letterkunde het naamlik onder meer na veranderinge in die Afrikaanse letterkunde en literêre kritiek, beskouings oor ’n nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde, denke oor die nasionalisme en die identiteit van die Afrikaner uitgekring. Kritiese kompleksiteit is egter, soos alle interpretasiemodelle, beperk: enige begrip wat dit van Louw se “nasionale” letterkunde as ’n komplekse stelsel bring, is noodwendig gedeeltelik en voorlopig.

2. Van Wyk Louw: die “wil tot vernuwing”¹⁰

⁹ Hierdie “stelsel van stelsels” pas binne die alomvattende komplekse stelsel van taal in, wat Louw gebruik om sy denkbeelde te vergestalt.

¹⁰ Opperman, 1953:51.

Van Wyk Louw se kritiese opstelle in *Berigte te velde* en *Lojale verset* is daarop gerig om die veranderende Suid-Afrikaanse werklikheid van die jare dertig sinvol in 'n vernuwende literêre raamwerk te integreer. Sy intellektuele opvatting oor kultuur, politiek, filosofie, en veral letterkunde, konfronteer die algemeen-aanvaarde beskouings van hierdie fasette van die werklikheid in die dertigerjare. Louw formuleer sy denkbeelde in reaksie op, maar ook in aanvulling by, sowel die gevestigde sosiopolitieke en literêre sienings as die veranderende maatskaplike samestelling¹¹ van daardie era. Sy beskouings vloei dus voort uit die ruimte van die moontlike wat anderkant die grense van die bestaande sosiopolitieke en literêre stelsels lê en in wisselwerking met die gevestigde sienswyses nuwe betekenis na vore bring.

2.1 Louw as agent van verandering

Agente (persone of objekte) word as die basiese elemente van 'n komplekse stelsel beskou. 'n Veranderingsagent beïnvloed egter die denke van 'n gehoor in 'n bepaalde rigting wat hulle as wenslik beskou (Rogers, 2003:400). Hierdie agent funksioneer as 'n brug tussen twee verskillende stelsels en is dus "a marginal figure with one foot in each of two worlds" (Rogers, 2003:368). Veranderingsagente doen ingrype, met ander woorde, hulle voer aksies uit met die doel om gedrag te verander sodat bepaalde uitkomstige bewerkstellig kan word (Rogers, 2003:400). In 'n komplekse stelsel verg verandering ingrype op elke moontlike vlak (Mason, 2008c:45), ook wat die veranderingsagent se interaksie met ander agente betref: "[W]hen one is dealing with intelligent agents (who can reflect and formulate strategies) (...) this means taking account of an individual's conscious intentionality as it is constrained and enabled by the environment, which in turn is constituted inter alia by other conscious individuals, who thus are said to co-evolve" (Byrne & Callaghan, 2014:39). Olivier (2010:210) se verwysing na "the audacity of Van Wyk Louw's interventions" pas in hierdie konteks. Olivier skryf Louw se "gewaagde" ingrype toe aan sy oortuiging dat hy 'n agent van die bestemming van die Afrikaner was, "someone involved in mapping a future in which Afrikaner nationalism could proudly take its place in the world, justified by its principles and just in its actions" (2010:210). Louw se vernuwende invloed op die Afrikaanse werklikheid, veral wat die letterkunde en literêre en sosiopolitieke kritiek betref, het die herdefiniëring van die Afrikaner se nasionale en individuele identiteit, oor die bestaande grense van hierdie konsepte heen, tot gevolg gehad.

In die jare dertig het Louw 'n tweeledige magtsposisie in die Afrikaanse kultuur beklee: enersyds as literêre en sosiopolitieke kritikus, en andersyds as vaandeldraer van 'n vernuwende letterkundige benadering wat 'n "nasionale" strewe vir die jong Afrikaanse letterkunde én die Afrikaner wou formuleer en verwesenlik (Opperman, 1953; Kannemeyer, 1978; Olivier, 1992; Steyn, 1998; Cattell, 2008; Visagie, 2016, en andere). Opperman (1953:248) noem Louw "die geestelike¹² verkenner van sy volk" en voer aan dat sy vooropstelling van die ontwikkeling van 'n nuwe literêre en kulturele werklikheid die algemene drang na vernuwing in die Afrikaner-samelewing in die dertigerjare weerspieël. Dekker (in Van Rensburg, 1982:23) verklaar: "Kyk ons vandag, dertig na veertig jaar later, terug, dan kom ons tot die ontdekking dat ons die digters van Dertig van die begin af gesien het, vandag grotendeels nóg sien, in die lig en die perspektief van Van Wyk Louw se beskouings en poësie. As hy in

¹¹ Drie ingrypende maatskaplike ontwikkelings het in die jare twintig begin plaasvind: verstedeliking, die verdwyning van die ouer lewe op die platteland en die plaas, en die skerper bewuswording van klasseverskille onder Afrikaners (1986a:7).

¹² Louw se gebruik van die begrip "geesteslewe" of "geestelike lewe" stem ooreen met die algemene toepassing daarvan in die vroeë 20^{ste} eeu (vergelyk onder andere Muller (1925) en Diederichs (1936)). Dit omvat alle kultuurvorme wat in die estetiese gewortel is en die skoonheid vooropstel; Louw sonder egter die letterkunde uit as van besondere belang in 'n nasionale konteks.

sy opstelle in *Berigte te velde* en *Lojale verset* praat van 'ons', van die 'jongeres', 'die nuwe digkuns', is dit tog eintlik projeksies van sý kuns en strewe, sý bewustheid en sekerheid, wat die ander in veel geringer mate besit het." Olivier (1995:42) voer aan dat Louw se teorie oor die letterkunde en nasionalisme die paradigma vir die Afrikaanse literatuur geword het. Hy skryf die merkwaardige invloed van Louw se idees daaraan toe dat sy beskouings nooit wesenlik deur sy medeskrywers betwis is nie. Sy omskrywing van 'n "nasionale" letterkunde is byvoorbeeld dekades lank byna kritiekloos deur sy opvolgers aanvaar (Olivier, 1992:5). Waar Louw dan in 1938 die vernuwing in die Afrikaanse letterkunde beskryf as soms navolging, soms "half-bewuste saamvoel" met die veranderinge, en "by enkeles (...) helder-bewuste voortgaan in die rigting van 'n suiwerder en sterker kuns" (1986a:150), het laasgenoemde spesifiek betrekking op sy rol as agent van verandering.

Louw se selfopgelede rol as veranderingsagent spreek duidelik uit die klem wat hy op die rol van die wil en daad in die vernuwing van die Afrikaanse letterkunde plaas. Opperman (1953:51) voer aan dat die nuwe "nasionale" literêre beweging, met Van Wyk Louw as hooffiguur, gekenmerk word deur "'n wil tot vernuwing, 'n wil tot die skep van 'n beweging, 'n wil tot literatuur". Die eerste opstel in *Berigte te velde*, "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde" (1936) (1986a:5-11), dui reeds die sleutelfunksie van die wil en die daad in die nuwe beweging aan, binne die raam van tyd en verandering. In hierdie opstel, wat deur die Afrikaanse literatuurkritiek in die algemeen as die "manifes van Dertig" beskou word, stel Louw dit reeds in die titel en eerste sin duidelik dat hy die rigting waarin die jonger Afrikaanse literatuur behoort te ontwikkel wil aantoon. Vanuit sy posisie in die hede van hierdie beweging ("die *uitgangspunt*") kyk hy vooruit na die toekoms daarvan ("die *tweede punt*") (1986a:5) en skets die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde vanaf sy huidige posisie na die gewenste toekomstige posisie. Dit beteken vir Louw egter meer as 'n "gewenste" of "gewilde" toekoms: hy is daarvan oortuig dat sy rigtingbepaling "die rigting *moet* wees; dis 'n verlange, dis selfs 'n daad om daardie toekoms te help maak" (1986a:5).

"Die toekoms van 'n volk word geskep deur die magtige spel en stryd van die wil van tallose enkelinge", beweer Louw twee jaar later in "Die ewige trek" (1938) (1986a:102). Die kollektiewe individu se "wil tot volk-wees" (1986a:95) – en dus die ontwikkeling van die "nasionale gedagte" – kan egter nie 'n werklikheid word sonder om die daad te waag nie. In die volkswording neem die daad drie vorme aan: 1) die aanvaarding van die verantwoordelikheid van die maak van 'n keuse, 2) die keuse tussen ewewigtige regte en tussen die gepaardgaande eweneens ewewigtige praktiese waarskynlikhede (1986a:101), en 3) die daaropvolgende handeling om een waarskynlikheid en een reg te realiseer. Die "ewige trek" (die voortdurende herdefiniëring) van die volk kan dan toegeskryf word aan a) die durende onsekerheid van die toekoms, b) die volkswording wat nooit voltooi is nie, en c) die veranderlike konstruksies van nasionale/individuele identiteit. 'n Volk se bestaansreg is dus nie blywend en vanselfsprekend nie, maar "iets wat daagliks nuut deur sy wil en daad geskep moet word" (1986a:101), voer Louw aan. Hierdie gebrek aan stabiliteit en balans, en die verhouding tussen die konstante verandering en verlede, hede en toekoms, is tekenend van die komplekse stelsel wat Louw se nuwe literêre beweging sou vorm.

2.2 Die "nasionale" en "koloniale" letterkunde

Louw se strewe om die Afrikaanse werklikheid te vernuwe het ontstaan uit sy herdefinisie van bestaande sienings van die Afrikaanse nasionalisme (Opperman, 1953; Van Coller, 1972; Steyn, 1998, 2016, en andere). Vrae oor die verhouding tussen volk en individu, die bestaansreg van 'n volk, en die ander verhoudings waarvan 'n volk deel vorm – die verskille van ander volke dra by tot die betekenis

van 'n volk – onderlê sy vroeë opstelle: “Wat is 'n volk? Wat het 'n volk *nodig* om te bestaan? Watter gronde *regverdig* 'n volk, en veral 'n klein volk, se aparte bestaan? Wat is 'n volk se verhouding tot ander volke en groepe waarmee hy saam lewe?” (Viljoen in Van Rensburg, 1982:125) Die konstruksie van Louw se nasionale werklikheid hou direk met sy herinterpretasie van identiteit in 'n nasionalistiese konteks verband. Volgens Louw vereis 'n nasionale werklikheid nie alleen 'n hegte verhouding tussen individu en volk nie; dit hou ook in dat die individu slegs bestaansreg het as lid van 'n volk. 'n Volk se geestelike lewe, wat die identiteit van beide volk en individu vorm en ook die volk se bestaansreg en waarde onderlê (1986a:164), word deur “groot literatuur” (1986a:13) gelei.

Louw is daarvan oortuig dat die literatuur 'n primêre funksie in die ontstaan en ontwikkeling van 'n volk vervul (Olivier, 1995:41). 'n Volk verkry ook 'n mate van bestaansreg deur die skepping van groot literatuur (1986a:97). Louw se konsepsualisering van *volk* onderlê sy rigtinggewing aan die Dertiger-literatuur en sy konstruering én verdediging van hierdie letterkunde as “nasionaal”: “[D]ie volk spreek bo alles die volledige menslikheid uit: hy omvat, ook in die letterkunde, alle teenstellings, rigtings en tydperke, en vat hulle saam tot 'n nasionale letterkunde met 'n eie aard” (1986a:8). Die “nasionale” letterkunde word dus uit veelvuldige elemente saamgestel wat in verhouding tot mekaar (binne die stelsel) asook tot die volk en die nasionale werklikheid (ander stelsels) staan. Hierdie patrone van interaksie identifiseer die “nasionale” letterkunde as 'n oop stelsel. Dit stem met Dillon (2000:8) se “radical relationality” ooreen: in die kompleksiteit van die “nasionale” letterkunde “nothing is without being in relation”.

Louw se rigtinggewing aan die Afrikaanse letterkunde is nie as 'n volkome nuwe benadering gekonsepsualiseer nie, maar as 'n nuwe en self-kritiese greep op die tradisionele literêre en kulturele strukture. In “Die rigting van die Afrikaanse letterkunde” (Maart 1936) (1986a:5-11) onderskei hy drie fases in die ontwikkeling van hierdie letterkunde: 1) die “patriotiese” letterkunde (ná 1900), 2) 'n “gemoedelike lokale realisme” (ná die Eerste Wêreldoorlog) (sy “koloniale” letterkunde), en 3) die “nuwe letterkunde” (die “nasionale” letterkunde) wat hy in die vooruitsig stel (6-7). Hierdie fase-indeling word herhaal in “Gedagtes oor die nasionalisme en die kuns” (November 1936) (1986a:15-25). Louw omskryf die Afrikaanse nasionalisme en die vernuwende “nasionale” letterkunde in 'n historiese konteks en skets die ontwikkelingslyn daarvan vanaf die Eerste Taalbeweging na die jare dertig. Hy verbind die ontstaan van die “koloniale” literatuur met die groei van 'n “volksgevoel” by die Afrikaner (15). Die begin van 'n volkswording gaan naamlik gepaard met patriotisme en die verbinding van nuwe betekenis aan die eie, veral in 'n tydperk van bedreiging en/of imperiale oorheersing. Die tipiese word dan simbolies van die “volk-wees” (15) en begin die grondslag van 'n nasionale identiteit vorm. Met verwysing na Celliers en Marais as oorgangsfigure wat elemente van 'n nuwe kulturele diskoers by die bestaande ingevoeg en sodoende die rigting vir vernuwing aangedui het (1986b:214), beklemtoon Louw die belang daarvan vir die Afrikaanse kritiek om die groeipunte van “ons oudste literatuur” (1986b:219) aan te toon.

In “'n Oproep” (1936) (1986a:49-50) verwoord Louw die beweging weg van die “ou” nasionale¹³ in die “koloniale” letterkunde en die noodsaak van terugkeer na “die uiting van 'n volledige menslike lewe” (1986a:15) binne die konteks van die volk sterker as in “Die rigting van die Afrikaanse letterkunde”, ten einde sowel skrywers as die kollektiewe Afrikaanse leser in hierdie rigting aan te moedig. Hy beskryf die fase van die “nuwe letterkunde” as 'n “krisistydperk” wat 'n “onverbiddelike keuse” inhou: “óf die ou motiewe tot in die oneindige herhaal”, wat tot die ondergang van die Afrikaanse literatuur en taal sou

¹³ Volgens Steyn (1998:284) het Louw die “nuwe nasionalisme” beskou as “nie minder nasionaal as dié van 'n ouer geslag nie, maar ingestel op die probleme van die tyd” – sosiale geregtigheid, “'n trots, weerbare Afrikaanse volk”, en so meer.

lei,¹⁴ “óf ons letterkunde oopstel vir alle winde van die gees, dat alles wat die mense se hart vandag in beroering bring, ook daarin kan uiting kry” (1986a:49). Dit kom neer op die bevryding van die letterkunde ter wille van beide die geestelike ontwikkeling van die volk en die onafhanklike voortbestaan van sy literatuur (50). Hierdie fase in die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig Osberg & Biesta (2008:323) se “space of emergence”: die daad van die keuse vir onvoorsiene nuwe betekenismoonlikhede het verlede, hede en toekoms in die “nasionale” letterkunde verenig. Twee jaar later (in “Die jonger Afrikaanse literatuur”, 1938) verwoord Louw sy bewustheid van die komplekse verhouding tussen tyd, verandering en voorlopigheid wanneer hy verklaar dat “elke nuwe boek wat verskyn, en wat waarlik mooi is, die rigting wat ek geteken het, kan laat verander” (1986a:151). In die woorde van Woermann (2016:194): “The past influences the future, but the future need not resemble the past.”

Louw gebruik die gevestigde situasiegebonde “koloniale” of “lokale” letterkunde (1986a:8), met sy fokus op die idealisering van die eie en tipies-Afrikaanse, as groeipunt vir sy omvattende “nasionale” letterkunde gegrond op die uitbeelding van alle aspekte van die menslike bestaan binne die konteks van die volk. Vir hom is die groeimoontlikhede van ’n nuwe “volkskuns” (1986a:8) gesetel in ’n wegdraai van die konteksgebondenheid van die “koloniale” literatuur en ’n terugdraai na die realiteit en “diep bronne” (5) van die volk. “Change can only be traced in terms of the difference that is produced between a previous and a new set of relationships, and this is the result of an evolutionary process,” sê Cilliers (1998:40). Dit blyk dus dat die verhouding tussen die “koloniale” en “nasionale” letterkunde – én hul besondere betekenis – op die verskille tussen die twee stelsels gegrond is. Die “speel-speel” skep ((1986a:164) van die “koloniale” letterkunde word die vertrekpunt vir die skep van kuns met nuwe, “werklike” waarde: “Al hierdie dinge was reeds vroeër daar, maar die nasionale gedagte skep hulle om tot iets splinternuuts. Dis werklike skepping; ’n nuwe waarde word in die lewe van die mens gebring.” (1986a:17) Louw was daarvan oortuig dat die nuwe literatuur, wat “alles wat die moderne mens roer” (1986a:9) binne die konteks van die ontwikkelende volk verbeeld, binne die wêreldletterkunde opgeneem sou word en terselfdertyd die bestaansreg van die volk sou help verseker.

Louw se konsepsualisering van ’n “nasionale” letterkunde verhef die estetiese tot die belangrikste kriterium in die kuns. Die strewe na die Platoniese idee van “absolute skoonheid” is volgens Louw nie alleen “die enigste ware lewensvorm vir die mens” nie (1986a:158), maar help ook die voortbestaan van die Afrikaner-volk verseker: dit verhef “enkeling en volk (...) tot ’n helder ewigheid” (163) en gee ’n volk “’n mate van ‘reg’ (...) om te bestaan” (97). Skoonheid in die kuns is ook ’n voorwaarde vir vernuwing: “[D]ie skoonheidsbewussyn [is] die sentrale plek, die ewige bron van die geestelike lewe (...) waaruit alle vernuwing in die mens en die maatskappy voortkom” (32). Binne die raamwerk van kritiese kompleksiteit is die betekenis van *skoonheid* – soos dié van die konsepte *waarheid* en *die universele* in Louw se denkbeelde – egter slegs so “absoluut” soos die netwerke en verhoudings waaruit dit ontstaan en wat dit reflekteer. Met betrekking tot komplekse stelsels is die absolute naamlik nie ’n Platoniese idee nie, aangesien dit – soos alle begrippe in kompleksiteit – uit die wisselwerking tussen verhoudings saamgestel word (Woermann & Cilliers, 2012). In komplekse stelsels verskuif die fokus dus “from a concern with decontextualised and universalised essence to a concern with contextualised and contingent complex wholes” (Mason, 2008:39-40).

¹⁴ Vergelyk Louw se waarskuwing (1986a:11): “As ons by ’n letterkunde van skoolboeke en burgerlike sentimentjies bly, sal ons ’n smaad onder die volke wees en ons taal uit hierdie land verdwyn.”

Louw maak daarop aanspraak dat sy nasionale letterkunde álle aspekte van die "koloniale" literatuur insluit: "'n Nasionale letterkunde het ruimte vir alle skynbare teenstellings, soos volkskuns en individualisme; hy neem hulle op en versoen hulle" (1986a:9). Louw skep dus 'n patroon van interaksie tussen hierdie twee stelsels waarin betekenis uit hul verskille saamgestel word: hulle staan in 'n veelduidige verhouding tot mekaar waarin die een die ander se betekenis help bepaal en hulle betekenis dus van mekaar afhanklik is. Die tradisionele binêre óf/óf-verhouding tussen die "koloniale" en "nasionale" letterkunde – wat Louw 'n "skynbare teenstelling" (1986a:9) noem – word dus deur 'n "'en/en'-denkwyse" vervang (Preiser, 2012:17). Die wisselwerking tussen hierdie twee konsepte oorskry met ander woorde hul grense: die streng begrensing van begrippe wat as dualisties geïnterpreteer word, word binne die komplekse stelsel van die "nasionale" letterkunde deurdringbaar en veranderlik. Die grense van beide die "koloniale" en "nasionale" letterkunde bevat ook elemente wat die transformasie van die "koloniale" as deel van die "nasionale", en dus ook die aard van die "nasionale" letterkunde as geheel, moontlik maak (Cilliers, 2010:59). Die verskuiwing in interpretasie van die "koloniale" na die "nasionale" letterkunde van begrippe soos "volk", "individu", "identiteit" en "skoonheid" toon dat die grense van die "nasionale" letterkunde nie die stelsel beslissend afsluit nie, maar dit uit die interaksie met die "koloniale", en dus die wisselwerking tussen verlede en hede, saamstel.

3. Ten slotte

"In "Die jonger Afrikaanse literatuur" (Januarie 1938) in *Lojale verset* keer Louw terug na die literêre tematiek en rigtinggewende aanpak van "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde" en "Die strewe van die jonger Afrikaanse poësie" (1936) in *Berigte te velde*. Hy stel hier steeds 'n vernuwing in die Afrikaanse literatuur in die vooruitsig: 'n skrywer lewe met "die bitter besef dat sy werk maar altyd die benadering van 'n onbereikbare skoonheid is; dat buite die grense van elke woord wat hy kan uitspreek nog altyd gebiede van die wêreld, die verlange en die skoonheid lê wat vir hom onbereikbaar moet bly" (1986a:157-158). Die kunstenaar se taak kan dus nooit voltooid wees nie (158). Aan die slot van "Die jonger Afrikaanse literatuur" merk Louw dan ook op: "Alles is by ons nog verwagting, alles lê nog voor om te doen of is nog in die heerlike ewewig van die daad" (159). Só is ook die ruimte van die moontlike rondom die werk van Van Wyk Louw.